Die week na die vergadering, wat het toe gebeur? -- Daar was toe kinders gewees wat papier in ons erwe gegooi het wat versprei was.

Wat se papier? Wat het op die goed gestaan? Weet u? -- Ek het een van daardie papiere gekry en gelees waar die inhoud van die papier besig was om die gemeenskap van Sharpeville te nooi om te vergader en die kwessie van huurgelde te bespreek. Die einde van die woorde daar was geskryf op die heel onderkant "Asinamali, Asinamali". (18)

Het u die vergadering gaan bywoon? -- Ek het nie die vergadering bygewoon nie, alhoewel ek eintlik graag wou gehad het dat ek dit moes bywoon.

Hoekom het u nie gegaan nie? -- Ek het hierdie vergadering met my voorsitter bespreek, naamlik Samson Mofokeng en hy het nie sy goedkeuring gegee dat ek soontoe gaan nie. In plaas daarvan dat ek moet gaan, het hy gesê hy sal liewers gaan. (20)

Weet u waar hierdie vergadering gehou was, volgens die pamflet? -- Ja, by die Anglikaanse Kerk in Sharpeville naby die polisiestasie te Sharpeville.

Kan u onthou wat die datum was wat die vergadering gehou sou gewees het? -- Onder korreksie, ek is nie meer seker van die datum nie, maar as my geheue my nie in die steek laat nie, sal ek sê dit was 19 Augustus.

Weet u wie hierdie pamflet uitgereik het? Het dit daar gestaan op die pamflet wie hierdie pamflet uitgereik het? -- Nee, dit was nie geskryf waarvanaf dit gekom het nie. (30)

Nou wil ek met u gaan na gebeure van 2 September 1984.

U was die aand van 2 September by u huis? -- Dit was n
Sondag gewees. Ek was nie tuis nie. Ek was weg.

Ons sal nou meer volledig daarby kom. Waar woon u? --
S296.

Is dit nou Sharpeville? -- Ja.

U was nie by die huis nie, sê u. Waar was u? -- As gevolg
van die inligting wat ek bekom het, dat dit sleg gaan word
vanaf 1 September, het ek toe n besluit geneem om na my swaer
toe te gaan en daar tuis te gaan. Dus is ek weg van my woning
op 2 September. (10)

Hoe laatdie dag van 2 September is u weg by u huis? --
Dit was om 17h00 toe ek vertrek het.

U sê as gevolg van inligting wat u gekry het dat dit sleg
sal gaan - waar het u die inligting gekry? Was dit in die
strate, gerugte wat u gehoor het? -- As gevolg van dreigemente
oor die telefoon, het ek toe hierdie inligting gekry.

Ek wil vir jou n paar goed vra oor die dreigemente. Eerstens,
hoeveel van daardie oproepe het u gekry waar u dreigemente
ontvang het? -- Ek het vier gekry met dreigemente.

Tweedens wil ek by u weet, hoe lank voor 2 September (20)
het u hierdie vier oproepe ontvang? -- Twee van hulle was op n
Woensdag en twee op n Donderdag. Dit is die Donderdag voor
die Vrydag wat die einde van die maand was. Dit wil sê,
die 1ste van die nuwe maand was op n Saterdag.

Kom ons kyk of ons dit nie makliker kan maak nie. Die
dae wat u van praat ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Dit is maklik. Dit is alles in die dae voor die 1ste.

MNR. FICK : Dit is net wat ek wil duidelik maak. Die persone
wat u geskakel het, het u enigeen van hulle geken of is hulle
aan u geïdentifiseer wie praat? -- Een van die persone wat (30)
die oproepe gemaak het, die dreigemente, het ek gevra "Maar

... / wie

wie is dit wat bel?" Die persoon het toe gesê "My naam is 'You are on fire'".

Die ander persone, die ander drie oproepe, is daardie persone geïdentifiseer? Het die persoon enige naam vir hom gegee of enige bynaam? -- Nee, hulle het nie hulleself geïdentifiseer nie, behalwe dat hulle net vir my gesê het - dat hulle van my wou geweet het wanneer gaan ek bedank uit die Raad, want andersins kom hulle vir my kuier op die lste.

Die dreigemente wat teenoor u geuiter is, is dit wat u nou so pas gesê het of is daar ander dreigemente ook (10) geuiter tydens die vier oproepe? -- Die persone het toe nie verdere dreigemente gemaak nie, maar aangesien die persone gesê het dat hulle daar gaan wees die nag van die lste, die Vrydag het ons die hele nag wakker gebly en wag gehou vir die persone wat gesê het hulle sou vir my kom kuier.

Het hulle opgedaag? -- Nee, hulle het nie opgedaag nie.

En die Saterdag, het daar enigeen opgedaag? -- Nee, niemand het opgedaag nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

(20)

K161

PATRICIA PHOSISI, nog onder eed

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK (vervolg) : Die persone wat vir u gesê het hulle gaan kom kuier het nooit kom kuier nie, tot 17h00 die middag van 2 September wat u weg is? -- Dit is so.

HOF : U praat nou van kuier. Het u gedink dit sal 'n vriendelike geselsie wees? -- As gevolg van wat gesê was oor die telefoon, was dit nie 'n vriendelike besoek deur hulle nie.

Die persoon waarheen u gegaan het die dag van die 2de, waar woon hy?

HOF : Is dit nou haar swaer?

(30)

MNR. FICK : Haar swaer? -- Zone 11 by huis nr. 12726.

Kan ons nou net duidelikheid kry, die huis, ons weet daar is 'n groot teerpad wat daar loop deur die gebied. Is die huis aan daardie teerpad of is hy op 'n ander plek? -- Dit is by hierdie teerpad. Dit is geleë aan die teerpad.

Die persoon genaamd Caesar Motjeane, die raadslid, weet u waar woon hy? -- Ja, ek weet.

Die huis van die swaer waarheen u gegaan het, hoe ver is hy van Caesar Motjeane se huis af? -- Hulle is nie ver van mekaar nie. Daar is 'n straat tussen hulle wat aansluit by die hoofpad. Dan is Caesar se huis in die tweede straat (10) geleë vanaf die straat waar my swaer woon.

HCF : Sou u sê dat die twee huise ongeveer 'n blok uit mekaar is of 'n bietjie meer as 'n blok? -- Dit is nie 'n blok nie.

MNR. FICK : In hierdie teerpad waar die huis van u swaer geleë is, is daar ook busstoppe? -- Ja, daar is in Zone 12.

HOF : Is daar ook bushaltes?

MNR. FICK : Ek soek net 'n vergroting dan kan ek dit aan die getuie toon en sy sal die plek kan uitken. Weet u waar is die steeg wat van die teerpad af gaan na Caesar se huis toe? -- Dit is juis die steeg wat ek van praat, as ek praat van 'n (20) straat tussen die huis waar ek was en die huis van Caesar. My huis waar ek gekuier het, is die tweede huis van die steeg, dit wil sê in die hoofstraat. Dit is die steeg wat lei na Caesar se woning toe.

HOF : As 'n mens nou die steeg vat waar hy aansluit by die hoofstraat, aan watter kant van daardie steeg is u huis? Is dit aan gebied 57 se kant of aan gebied 53 se kant? -- As ek in die steeg ingaan vanaf die hoofpad, dan is die huis aan my regterkant.

MNR. FICK : Die nag van die 2de het u daar geslaap? -- Ja.(30)

En die volgende oggend van 3 September was u nog by die

... / huis

huis? -- Ja, ek was.

Wat het u die oggend van 3 September 1984 opgemerk terwyl u daar by u huis was? -- Daar het 'n hele klomp mense daar te voorskyn gekom wat beweeg het vanaf die rigting van Evaton na ons rigting, dit wil sê in die rigting van die huis waarin ek was met die hoofstraat.

Kan u aan die Hof aandui ongeveer hoe laat was dit toe u nou hierdie klomp mense sien aankom? -- Om en by 09h00 of net na 09h00.

ECP : Was die klomp mense 'n los verspreide klomp mense (20) of het hulle saam geloop soos 'n optog? -- Dit was 'n klomp mense wat saam gestap het.

MR. FICK : Het hulle in die middel van die pad geloop, het hulle die hele breedte van die pad vol geloop? Hoe het hulle gestap? -- Hulle het die hele straat vol geloop?

Kan u enige aanduiding gee hoeveel mense daar was ? -- Hulle was so baie gewees dat ek skat dit op ongeveer 'n duisend of meer.

Soos die mense aangekom het, het hulle in doodse stilte gestap of wat het daar gebeur? -- Hulle het gemarsjeer en (20) gesing.

Wat het hulle gesing? Weet u? -- As gevolg van die skok wat ekself opgedoen het, kan ek nie sê wat presies die liedere was wat daar gesing was nie, maar die woorde wat gebesig was was dat "Areyeng Houtkop", wat beteken "Laat ons Houtkop toe gaan." "Roaloaninang rente", wat beteken "Laat ons gaan baklei vir die huurgeld."

Soos u dit nou daar opgemerk het, het almal dit gesing of het het ander ander goed gedoen? -- Terwyl die ander gesing het, was daar 'n klomp wat gepraat het en die volgende woorde(30) gebesig het "Die ouers moet uitkom en deelneem dat daar

... / saamgegaan

saamgegaan word om te gaan baklei vir die verhoogde huurgelde.

Het u toe u die groep gesien het uit die huis gegaan of het u vir hulle van binnekant die huis af gestaan en bekyk?

-- Ek het nie uit die huis uitgegaan nie, maar by die venster gestaan en kyk terwyl hulle daar verbygegaan het, want ek was bang om uit te gaan.

Toe u hulle die eerste keer gesien het, was hulle al regoor die huis of was hulle in aantog na die huis toe of was die voorste punt al verby? -- Ons het gaan kyk toe ons die gesingery gehoor het wat gebeur. Dit is voor hulle verby is. Dit (10) wil sê verby die huis waar ek was.

EOF : Toe u hulle die eerste keer sien, waar was die voorpunt?

-- Twee of drie huise ver van die huis vanwaar ek was.

Dit is nou twee of drie huise Evaton se kant toe? -- Ja.

Betekén dit dan dat hulle nog nie by die gangetjie by die laan was nie? -- Ja, dit is so.

MAR. FICK : Het u enige plakkate gesien die dag van 3 September? -- Ja, die wat heel voor geloop het, het plakkate by hulle gehad.

Die plakkate wat hulle by hulle gehad het, het hulle (20) dit in hulle hande gehad of om hulle nek gedra of hoe het hulle die goed gedra? -- Dit was voor op hulle borste geplaas.

Het u gelees of kon u lees wat op die goed staan? -- Ek kon daarin slaag om 'n paar van hulle te lees.

Voor ons daarby kom, hoeveel plakkate ongeveer het u gesien? -- Minstens vier.

Dit wat u kon lees, wat het op die plakkate gestaan wat u kon lees? -- "Away with rent hikes, Away with councillors, Asinamali."

Die plakkate wat u gesien het, was dit gedrukte plak- (30) kate of was die goed met die hand geskryf? -- Dit was met die

... / hand

hand geskryf.

Die groep kom toe nou aan en die voorste klomp het die plakkate, wat gebeur verder? -- Terwyl hulle nog so aangestap het en besig was om te sing, het van hulle in hulle besit bottels gehad en 20-liter houers, dit wil sê blikke.

HOF : Plastiek of van blik? -- Dit is 'n blik, gemaak van metaal.

MNR. FICK : Die bottels, was dit glas bottels of kon u sien of dit plastiese bottels was? Kon u sien wat se soort bottels dit was?-- Ek kon sien dat die meeste van die goed van (10) plastiek gemaak was. Dit is eintlik wat gebruik word vir asyn en olie.

Kon u sien of die bottels leeg was en of daar enigiets binne-in was? -- Die bottels het iets bevat wat 'n vloeistof was, maar die blikke kon ek nie sien nie, want dit was van metaal gemaak.

HOF : Die blikke, was dit vierkantige of ronde blikke? -- Vierkantig.

MNR. FICK : Weet u waarvoor die tipe blik gewoonlik gebruik word? Is daar name op die goed of kon u nie sien nie? -- (20) Ek het nie opgelet of daar enigiets buite op hierdie blikke geskryf was nie.

HOF : Is daardie blikke soos hierdie vierkantige paraffien-blikke wat 'n mens kry? -- Ja, dit is so.

MNR. FICK : Die persone wat u gesien het wat hierdie bottels en blikke dra, het hulle in 'n groep bymekaar geloop of was hulle versprei oor die hele optog? -- Hulle het 'n gedeelte gevorm van die optog. Hulle het deelgeneem aan die mars.

HOF : Nou wil die advokaat weet, was hulle in een groep bymekaar in die mars of was hulle so rond en bont in die (30) mars? -- Hulle was orals in die mars.

... / MNR. FICK

MNR. FICK : Die mense wat nou die goed gedra het, kon u sien was dit ou mense, was dit jong jeugdiges of kan u nie sê nie? -- Die meeste wat ek gesien het, was die jeugdiges, al sal ek daar byvoeg dat ek nie in staat is om te sê of daar van die ouerige mense was wat dit ook gedra het nie.

Het u gesien wat van hierdie optog gebeur geword het toe hulle daar by u huis verbykom?

HOF : Ons het nie gehoor dat die optog by haar huis verbygekom het nie.

MNR. FICK : Is die optog by u huis verby? -- Ja. (10)

Het u gesien waar gaan hierdie optog heen toe hulle by u huis verby is? -- Ek het aanhoudend deur die venster gekyk totdat ek hulle in die steeg sien ingaan het, waarvan ek gepraat het.

U het gepraat van die mense wat voor geloop het het plak-
kate gehad. Is hulle nog steeds as die voorste groep in die
steeg in of is daar ander mense voor hulle in die steeg in? --
Hulle is die mense wat eintlik nog steeds voor gehardloop het.

HOF : Gehardloop of geloop? -- Hulle het so gedraf, nie vinnig
nie, maar gedraf. (20)

MNR. FICK : Kan ons net een ding duidelik kry. Toe die klomp
nou daar aangekom het en u hulle van die begin af dopgehou
het by u huis verby en daarna die steeg toe, het hulle die
heelyd gedraf of het hulle toe gestap of wat is die posisie?
-- Hulle het nie stadig geloop nie. Hulle het gemarsjeer en
van hulle het gedraf.

HOF : Is dit nou toe hulle in die steeg opgaan of tot by die
steeg gekom het? -- Hulle het gedraf toe hulle vir die eerste
keer daar te voorskyn gekom het vanaf die rigting van Evaton
tot hulle in die steeg was. (30)

Ek wil net duidelikheid kry, nou presies oor waar die huis

... / is

is waar u in was. My indruk is dat as 'n mens in die teerstraat staan en jy kyk in die steeg op, dan is daar aan jou linkerhand half agter jou skouer 'n bushalte. Is dit korrek?

MHR. FICK : Ekskuus, U Edele, ek het 'n vergroting van daardie kruising intussen gekry. Kan ek dit voor die getuie plaas? Dit is net 'n vergroting van daardie kruising.

HCF : Begryp die getuie daardie foto, want 'n getuie begryp dit gewoonlik nie. Was u al in 'n vliegtuig? -- Nog nooit in my lewe nie.

Laat ons dit nou maar op my manier doen. As 'n mens (10) nou voor die steeg staan en jy kyk in die steeg op, dan is daar agter jou die teerstraat. Is dit reg? -- Ja.

En dan loop die teerstraat agter jou rug verby na weer-skante toe? Is dit reg? -- Ja, dit is reg.

En as jy dan 'n hele entjie terugkyk oor jou linkerskouer dan sien jy 'n bushalte of 'n busstasie? -- Aan my linkerkant? Ja, want as ek by die huis staan waar ek was en na die teerpad toe kyk, dan is daardie bushalte aan my regterkant. As ek nou in die gang staan en in die gang kyk met die teer agter my, dan is daardie bushalte aan my linkerkant. (20)

As u net daar bly staan en in die gang kyk, is u huis aan u regterkant of aan u linkerkant? -- Dit is aan my linkerkant.

Maar u wys nou na u regterhand. Wys vir my waar is u linkerhand? Watter kant is dit? -- (Getuie dui aan)

Na watter kant toe wys u nou? U wys met die linkerhand na die regterkant toe? -- Eintlik verstaan ek nie die vraag nie.

Ek sal dit nou maklik maak. U kyk nou in die laan op. Is die huis aan die tolk se kant of aan die hof se kant? -- Aan die tolk se kant. (30)

Dit is aan die regterkant. Hoeveel huise is daar tussen ... / daardie

daardie huis en die laan? -- Die huis waar ek was, is die tweede huis vanaf die huis op die hoek van die steeg.

MNR. FICK : Kon u sien wat daar met hierdie groep verder gebeur na hulle die steeg ingedraf het? -- Nee, hulle het toe verdwyn in daardie steeg. Ek kon nie sien wat met hulle gebeur nie. Ek het toe gaan sit.

Het u daardie groep daarna weer gesien daardie dag? -- Nee, ek het nie gesien wat toe van hulle geword het nie.

Het u enige plekke in die omgewing gesien waar daar rook trek of gebrand het die dag van die 3de? -- Ja, op 'n stadium het ek by die venster agter aan die huis gaan staan en kyk waar ek rook gesien het in die rigting van Motjeane se huis. (10)

EOF : Was dit voor of na die groep daar in die steeg op is? -- Dit is na die mense deur daardie steeg beweeg het.

MNR. FICK : Hoe lank daarna? -- Dit was 'n hele ruk gewees voor ek die rook gesien het.

Het u enige skote gehoor die betrokke oggend daar in die omgewing van vuurwapens? -- Ja, ek het gehoor dat daar skote afgevuur word, maar ek het toe gedink dit is miskien die (20) polisie wat skiet, want hulle was ook maar in die omgewing gewees. Hulle het daar beweeg.

Toe u die skote gehoor het, was dit voor of na u die rook gesien het daar by Motjeane se huis? -- Dit is voor die rook dat ek die skote gehoor het.

Het u op 'n stadium op die 3de daar gaan rondloop in die straat en gekyk na die rook wat u gesien het? -- Nee, ek het nie.

U het op 8 September 1984 teruggekeer na u huis toe? -- Dit is reg. (30)

Was u huis nog in 'n goeie toestand, was hy beskadig, was ... / daar

daar iets verkeerd? -- Dit was gebreek gewees.

Wat was gebreek? -- Die vensters aan die voorkant was beskadig, al die vensters aan die voorkant.

HOF : Was hulle gebreek? -- Ja, hulle was met klippe gebreek. Die dak wat van asbes was, was ook beskadig gewees.

Ook gebreek? -- Ja.

MFR. FICK : Was daar niks gebrand by u huis nie? -- Nee, niks was gebrand nie.

Ek wil net een ding opklaar. Toe u die skote gehoor het, dit is op 3 September terwyl u daar by u swaer se huis -- (10) was, u het gesê dit was voor u die rook gesien het. Was dit voor of na u die mense gesien het wat met die plakate in die steeg inhardloop? -- Na die persone met plakate daar verby is, het ek die skote gehoor.

... / CROSS-EXAMINATION

CROSS-EXAMINATION BY MR BIZOS: Mrs Phosisi would you mind telling us the name of the relative with whom you stayed during that weekend?

COURT: Is it relevant Mr Bizos?

MR BIZOS: Yes My Lord.

COURT: On what basis?

MR BIZOS: Well we may want to interview them My Lord, to check whether this woman is telling the truth or not.

COURT: Yes, go ahead, you have the address. -- Mr Mokoena.

MR BIZOS: And the address? -- 12726 Zone 11. (10)

What other people were there on the morning of the 3rd?
-- Only we the family was present, and the children of course.

Which members of the family? -- Myself, my brother-in-law and his wife, and the children.

Are the children very young or are they youngsters?
-- Two I would call they are youngsters, the others are still young, the other two are still young.

Tell me when were you asked for the first time to describe the events of the morning of the 3rd? To a police officer or to any advocate appearing for the State, when (20) were you asked for the first time? -- It was during September 1984.

Did you make a written statement in September 1984 as to what happened on the morning of the 3rd? -- Yes I made a statement.

About what happened on the morning of the 3rd, did you make that in September 1984? -- Yes beginning from the 2nd.

COURT: But was it made in September of 1984? -- Yes.

MR BIZOS: Have you made more than one statement or just one? -- Just one. (30)

Apparently your statement was made on 1 October.

COURT:/.....

COURT: Of 1984?

MR BIZOS: Of 1984. Have you made any other statements since that date? -- Do you mean since 1 October?

Yes. -- What happened is I was at the police station first from where I was taken to Houtkop, that is where I made a statement which was reduced into writing.

Very well. Now tell us would you mind telling us what time you woke up on the morning of the 3rd? -- I was up very early. In fact if one was to say I did not even sleep the night of the 2nd to the 3rd. (10)

And you must have been awake say between 06h00 and 09h00?
-- Yes.

COURT: On the morning of the 3rd?

MR BIZOS: On the morning of the 3rd. -- Yes.

And before you heard these people singing and marching towards the lane did anything untoward happen in the lane or in its immediate vicinity? -- I cannot recall anything else happening.

Right. So before you saw this march coming into the lane you heard no shots?-- No I heard no shots prior to that (20)

You heard no one running up and down the lane? -- No I did not hear that.

You did not hear the noise of police vehicles coming to the immediate vicinity, stopping and people scattering?--
I saw the vehicles.

But you did not hear anybody scattering? -- No I did not.

You did not hear any stones breaking windows or landing on the roof, of any roof? -- No I did not hear that.

You did not hear anybody crying for help? -- No I did not hear. (30)

So we can have this then Mrs Phosisi that peace reigned
in/.. ..

in your neighbourhood right up to the time that the march of these people coming up from the Evaton side reached the lane? -- No I did not hear anything until at the time when I heard the noise from these people.

Right. Now will you agree that if anyone threw stones on Mr Caesar Motjeane's roof from 06h00 that morning on a number of occasions you would not have failed but to hear them?

COURT: On his room or on his house?

MR BIZOS: On his roof. (10)

COURT: Roof?

MR BIZOS: Roof. -- I did not hear that.

Yes. And if shots or bursts of fire were taking place from before, well from 06h00 on a number of occasions from Caesar's house you could not have failed to hear it? -- Though you put it that way but I did not hear it. In addition I was myself shocked.

Yes but you see in your state of shock you managed to see everything that would support the State's case in relation to this march and the violence to Caesar's house but (20) nothing else? -- I did see that through a window, though I was shocked. In fact I was fearing that these people may decide to come into the house where I was.

Tell me you did not by any chance, whilst you saw this group of marchers going towards the lane possibly see another group running away down the lane in the opposite direction? -- No I did not.

And you did not hear any shots by any chance before, before any people on the march went into the lane? -- No I did not hear any shooting. (30)

You see because the evidence of one or two people living
in/.....

in the neighbourhood told us that there was a running battle between groups of youngsters from 06h15 right up to the time of his death, coming to Caesar's house, stoning it, going away, shooting, stoning, running down the lane. What do you say to that? -- I am not going to tell lies. I did not hear that and I could not hear that because during that time I was most of the time staying there with fear.

Well were you more afraid or less afraid after the marchers came from the Evaton side? -- It added to my fear.

I see. Just one other aspect I want to ask you. You (10) may not have known it on the 3rd but since the 3rd have you seen young people with containers with water as, with water in them as a protection against the teargas? -- I came to hear about that later.

Yes. But people that think that they may be exposed to teargas carry water with them in order to wash their face and to put wet lappies on their faces? -- Well maybe those containers they had with the liquid were meant for that purpose. I do not know.

Now near your house, near your house, be it on the (20) left-hand side or on the right-hand side ...

COURT: That is the brother-in-law's house.

MR BIZOS: I am sorry, yes the house that you were at, I am sorry. Be it on the left-hand side or on the right-hand side, if anybody shouts loudly and clearly and is on the corner would you hear what that person is saying?

COURT: From which corner?

MR BIZOS: From the corner of the lane and the tarred road. -- Shouting in which way, what manner?

Well shouting, "Come let's go"? -- I could hear that. (30)

Did you hear any shouting from anybody whilst people were/.....

were coming towards the lane? -- You mean any person?

Yes. -- With a clear voice shouting that I could have heard that person.

But you heard nothing? -- I heard nothing, as I explained to His Lordship that I was most of the time there staying with fear.

Are you sure that you stayed at the window and you did not take cover in one of the inside rooms? -- I looked through the windows. I did not take any cover.

But now, and after you went to the back window and (19) you saw that did you come back to the front window? -- No I took a seat in that house because the portion in which I was seated is in fact the front of the house.

I see. Tell me can we take it for granted from what you have already told us that this group that went up the lane towards Caesar's house never came back down the lane? -- I did not see the people coming back from that direction.

Would there have been anything to prevent you from seeing this thousand odd people that you have mentioned coming back down the lane if in fact they went up and they came back? (20) -- There was nothing to obscure my view because the windows of that house are in such a position that they are so low that one can see through the windows.

So if they did come back, if they did come back or a substantial portion of them came back you would not have failed but to see them? -- It could not have happened that I did not see that.

COURT: Did the whole procession go up the lane or only a portion thereof? -- That group which was in my view at the time when I was standing at the window went through that (30) passage, all of them.

• MR BIZOS: How big do you say that that group was? -- As I said earlier thousand plus.

You say that you saw over a thousand people going up the lane, is that what you are saying? -- Yes.

And if the evidence thusfar has been that there were a couple of dozen people that went up the passage what would your reaction to that suggestion be? -- Well I will tell the Court what I saw happened there and not what the other person saw happening.

I see. But now that was not the road to Houtkop was (10) it? -- No it was not.

COURT ADJOURNS UNTIL 24 MARCH 1986.

DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989

PUBLISHER:

Publisher:- Historical Papers, The University of the Witwatersrand

Location:- Johannesburg

©2009

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

DOCUMENT DETAILS:

Document ID:- AK2117-I1-8-52

Document Title:- Vol 52 p 2665-2699. Witness: Phosisi